# BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE**:
**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION**:
**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

---

**45% WATERBEPERKINGS \ 45% WATER RESTRICTIONS \ 45% UKUTSHATHWA KWAMANZI**



***Gebruik water spaarsaam. Elke druppel tel.***

***Use water sparingly. Every drop counts.***

***Ukusetyenziswa kwamanzi ngokukhawuleza, Wonke amanqaku okulahla.***

---

## NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 16 AUGUSTUS 2018 OM 15:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG**:

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Voorsitter van Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. JWA Kotzee | : | Munisipale Bestuurder – waarnemend |
| Mnr. JP Sass | : | Direkteur Finansiële Dienste – waarnemend |
| Mnr. H Kröhn | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. JS Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. K Abrahams | : | Stadsbeplanner: Oos |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat en Rekordbestuur |
| Me. S Willemse | : | Klerk: Komitees |

***

AKSIE

**BKN001/08/2018**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Raadslid du Plooy open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal by die vergadering verwelkom.

***

**BKN002/08/2018**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Raadslid Wessels – opleiding
Munisipale Bestuurder – ander munisipale verpligtinge
Direkteur Finansiële Dienste – verskoning
Bestuurder: Strategiese Dienste – ander munisipale verpligtinge

***

**BKN003/08/2018**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN004/08/2018**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING: DINSDAG 31 JULIE 2018**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die vergadering gehou op Dinsdag 31 Julie 2018 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEES (S WILLEMSE)***

***

**BKN005/08/2018**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN006/08/2018**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER EN DIE MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Voorsitter doen die volgende mededeling:

- Dat Me. A Pedro, wat werksaam is in die Tegniese Departement se suster op Donderdag 15 Augustus 2018 oorlede is.

***

**BKN007/08/2018**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN008/08/2018**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN009/08/2018**
**DRINGENDE SAKE / VERSLAE VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN010/08/2018**
**MONITERING VAN WATERKRISIS**
**16/1/1**
***(Word visueel vertoon)***

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking en verwys na die volgende aspekte, naamlik:

- Reënvalsyfers tot op hede;
- Watergebruike van damme;
- Die weeklikse droogte monitering;
- Damvlakke;
- Die volume van damme;
- Waterbesparing;
- Waterverliese; en
- Waterkwaliteit.

**Water stored in major dams comprising Western Cape Water Supply System (WCWSS)**

| MAJOR DAMS | CAPACITY | % | % | % | % | % | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Ml | 13 August 2018 | Previous week | 2017 | 2016 | 2015 | 2014 |
| BERG RIVER | 130 010 | 88.3 | 86. | 48.6 | 63.2 | 84.0 | 101.0 |
| | | | | | | | |
| STEENBRAS LOWER | 33 517 | 59.1 | 57. | 28.8 | 63.2 | 89.8 | 100.1 |
| STEENBRAS UPPER | 31 767 | 101.3 | 92. | 91.2 | 98.9 | 101.3 | 100.3 |
| THEEWATERSKLOOF | 480 188 | 43.5 | 42. | 24.2 | 48.7 | 71.4 | 102.6 |
| VOËLVLEI | 164 095 | 62.9 | 59. | 22.2 | 57.1 | 49.2 | 100.4 |
| WEMMERSHOEK | 58 644 | 83.3 | 83. | 39.5 | 68.2 | 69.6 | 99.9 |
| TOTAL STORED | 898 221 | 527 | 511 | 277 799 | 502 501 | 635 783 | 912 566 |
| % STORAGE | | 58.8 | 56. | 30.9 | 55.9 | 70.8 | 101.6 |

Die Uitvoerende Burgemeester bedank die Direkteur Tegniese Dienste vir die uitstekende voorlegging.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN011/08/2018**
**VERVREEMDING VAN MUNISIPALE EIENDOM: 'N GEDEELTE VAN WABOOMSTRAAT RESTANT ERF 950 PIKETBERG (PB. 950)**
**7/2/3/1**

Raadslid Daniels lei die item in, waarna hy die aanbeveling aan die Komitee voorlees.

**AANBEVELING: VIR BESLUITNEMING DEUR DIE RAAD**

Dat die terughawe/vervreemding van 'n gedeelte van Waboomstraat **nie toegestaan word nie,** omrede die gedeelte straat steeds benodig word deur hierdie munisipaliteit ten einde 'n draaisirkel te bou vir effektiewe dienslewering.

***

**BKN012/08/2018**
**VERHURING VAN MUNISIPALE EIENDOM: ERF 1091, VELDDRIF (V.1091)**
**7/1/3/2**

Raadslid Daniels lei die item in en hou die aanbeveling voor vir oorweging deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

Verdere insette/kommentaar word gelewer deur die waarnemende Munisipale Bestuurder met betrekking tot kontrakte wat verleng moet word.

**AANBEVELINGS: VIR BESLUITNEMING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Munisipaliteit in terme van die MFMA, nie die perseel vir munisipale doeleindes benodig nie;

2. Dat die Munisipaliteit se voorneme om die kliniekgebou op Erf 1091, Velddrif (gedeelte van Erf 482, Velddrif) aan Aan Oewer Dienssentrum te verhuur, adverteer word vir 14 dae en besware ontvang oorweeg word;

   2.1 Indien geen besware ontvang word nie, dat die huurooreenkoms met Aan Oewer Dienssentrum ten opsigte van Erf 1091, Velddrif (gedeelte van Erf 482, Velddrif) vanaf 1 Oktober 2018 hernu word, vir 'n tydperk van 3 jaar teen R1 (BTW ing.) per jaar, gebaseer op dieselfde voorwaardes en bepalings as wat voorheen van toepassing was; en

3. Dat verdere ondersoeke geloods word vir toekomstige vervreemding van Erf 1091, Velddrif (gedeelte van Erf 482) voordat huurtermyn van 3 jaar verval.

***

**BKN013/08/2018**
**VERHURING VAN MUNISIPALE EIENDOM: ERF 1099, VELDDRIF EN GEDEELTE 68 VAN PLAAS VELDDRIF NO. 110, AFDELING PIKETBERG (V.1099 & 110/68, PB)**
**7/2/3/2**

Raadslid Daniels lei die item in en lees die aanbeveling voor aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir oorweging.

**AANBEVELINGS: VIR BESLUITNEMING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Munisipaliteit in terme van die MFMA, nie die persele vir munisipale doeleindes benodig nie;
2. Dat die Munisipaliteit se voorneme om Erf 1099, Velddrif en 'n gedeelte (ongeveer 3.75 ha groot) van Gedeelte 68 van Plaas Velddrif No. 110, Afdeling Piketberg aan FDSA Velddrif soos aangedui op Bylae B te verhuur, adverteer word vir 14 dae en besware oorweeg word; en

   2.1 Indien geen besware ontvang word nie, dat die huurooreenkoms met FDSA ten opsigte van Erf 1099, Velddrif en 'n gedeelte (ongeveer 3.75 ha groot) van Gedeelte 68 van Plaas Velddrif No. 110, Afdeling Piketberg vanaf 1 Oktober 2018 hernu word, vir 'n tydperk van 3 jaar teen R100 (BTW ing.) per jaar, gebaseer op dieselfde voorwaardes en bepalings.

***

**BKN014/08/2018**
**KANSELLASIE VAN KOOPOOREENKOMS EN TERUG TRANSPORTEER VAN ERF 1822, PIKETBERG (PB. 1822)**
**7/2/2/1**

Raadslid Daniels lei die item in, waarna hy die aanbeveling voorlees aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir oorweging.

Die waarnemende Munisipale Bestuurder bevestig dat in terme van GRAP100 eiendomme geïdentifiseer sal word waaraan 'n bepaalde waarde gekoppel sal word.

Verder meld hy dat 'n verslag met betrekking tot die GRAP100-eiendomme voorgelê sal word by die Korporatiewe Dienste Komitee vergadering vir bespreking.

**AANBEVELINGS: VIR BESLUITNEMING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die koopooreenkoms van Erf 1822 Piketberg gekanselleer word en toestemming verleen word, dat Erf 1822, Piketberg, terug transporteer word aan Bergrivier Munisipaliteit onderhewig aan die volgende voorwaarde:

   1.1 Mnr. RN Rhodes verantwoordelik sal wees vir die oordragkoste; en

2. Dat die koopsom waarteen die eiendom verkoop was aan Mnr. RN Rhodes terugbetaal word.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE (05/09/2018)***

***

**BKN015/08/2018**
**MUNISIPALE EIENDOM: ERWE 4472 EN 4474 PIKETBERG (PB.4472 & 4474)**
**7/2/3/1**

Raadslid Daniels lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Hy meld verder dat Erf 4472, Piketberg moontlik onderverdeel sal word in kleiner erwe, waarna dit verder bespreek sal word by die gekombineerde Wykskomiteevergaderings van Wyke 3 en 4.

Die Uitvoerende Onderburgemeester stel voor dat Erf 4474, Piketberg op openbare tender geplaas word vir ontwikkelingsvoorstelle.

Die waarnemende Munisipale Bestuurder beveel aan dat verdere ondersoeke gedoen word deur die Beplanning en Omgewingsbestuur-afdeling met betrekking tot Erf 4472, Piketberg.

Ten slotte meld hy dat dit aan die Korporatiewe Dienste Staande Komitee voorgelê sal word en daarna aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee/ Raad vir oorweging/besluitneming.

**AANBEVELINGS: VIR BESLUITNEMING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Raad kennis neem van die inhoud van hierdie verslag;
2. Dat Erf 4472, Piketberg ***terugverwys word*** vir verdere ondersoeke deur die Beplanning en Omgewingsbestuur-afdeling;
3. Dat na afhandeling van punt 2, ‘n opgedateerde verslag met betrekking tot Erf 4472, Piketberg voorgelê word aan die Korporatiewe Dienste Komitee, waarna dit aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee/Raad voorgelê sal word vir oorweging/besluitneming;
4. Dat Erf 4474, Piketberg:-
   (a) nie benodig word vir minimum vlak dienslewering nie;
   (b) die eiendom per tender vervreem kan word teen ‘n billike waarde, naamlik R 2 220 000 (BTW ingesluit) soos bereken aan die hand van Munisipale Waardasie en beraamde uitgawes wat met verkoop gepaard kan gaan;
   (c) geklassifiseer word as nie-bedryfsbates gehou vir verkoop en dat indien die perseel nie suksesvol per tender vervreem kan word nie, dit vir die tydsduur van die 2018/19 finansiële jaar deurlopend bemark kan word ooreenkomstig die Nywerheidsone 2 sonering daarvan; en
   (d) munisipale dienste wat benodig mag word weens die voorgestelde gebruik op Erf 4474, Piketberg, sal vir die rekening van die ontwikkelaar en/of koper(s) wees. Daarbenewens sal die koper(s) / ontwikkelaar verantwoordelik wees vir die voorsiening en opgradering van alle dienste infrastruktuur wat benodig word as gevolg van addisionele las wat deur die voorgestelde gebruik gemaak ontstaan, soos onderhandel en ooreengekom tussen die ontwikkelaar en die Munisipaliteit se Direktoraat: Tegniese Dienste deur middel van 'n dienstevlakooreenkoms (‘Service Level Agreement (SLA)’).

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**BKN016/08/2018**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: JUNE 2018**
**5/1/B, 5/1/1**

**RECOMMENDATION: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council notes the monthly budget statement and supporting documentation for June 2018.

***

**BKN017/08/2018**
**BESIGHEIDSLISENSIE BELEID**
**2/B**

Raadslid Daniels lei die item in en hou die aanbeveling voor aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir oorweging.

Die Stadsbeplanner: Oos gee verdere agtergrond oor die huidige besluit en toepaslike werksprosedure rakende die uitreiking van Besigheidslisensies, ter inligting aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

**BESLUIT**

Dat die Besigheidslisensie Beleid, met aanhangsels, **goedgekeur** word en dat die Vermaaklikheidslisensie Beleid, goedgekeur in 2005, BKN1002-08/03/2005 **herroep word** by aanvaarding van die Besigheidslisensie Beleid.

***BESTUURDER: BEPLANNING & OMGEWINGSBESTUUR***

***

**BKN018/08/2018**
**NOTULE VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME: DONDERDAG 07 JUNIE 2018**
**8/1/1**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notule van die Bodtoekenningskomitee vergadering soos gehou op Donderdag 07 Junie 2018.

***

**BKN019/08/2018**
**NOTULE VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME: WOENSDAG 13 JUNIE 2018**
**8/1/1**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notule van die Bodtoekenningskomitee vergadering soos gehou op Woensdag 13 Junie 2018.

***

**BKN020/08/2018**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN021/08/2018**
**IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN022/08/2018**
**IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN023/08/2018**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN024/08/2018**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 15:40***

***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ______________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***